

Voetnotas
versamel tydens
'n reis deur
die subkontinent
27 Junie tot 18 Julie 2016

1.

Poets like Bashō wrote
linked verse wherever poets
met — is that because
they went on foot ?
Living connectedly inside
the living landscape ?

Die Karoo is net 'n resone-
rende vibrasie van kleur
wat ons landskap noem en
in dieselfde asem van
woordskep. wórd dit landskap
maar bly nietemin net 'n
resonansie — vlietend
ingebrand op die geheuebank
van die hede — en tyd en
afstand bestaan nie hiér
nie — alles is tuiskoms !

Want die Skepping is 'n ander
woord vir vrygewig omdat
dit vry gee en ewig is :
vry - g(ee) - ewig !

2.

Die lang man deur die
Karoo wat so teleskopeer —
is die versoeking om te jaag
oor die vlak —
reguit paaie is van die duiwel
— amputeer koppies sonder
respek — sny 'n lyn wat al die
kontoere van die werklikheid
verontagsaam om só die god
van rasionele ingenieursvernuf
gedienstig te wees.

En die lang man se skaduwee
dans aan die linkerkant
soos jy gaan — wanneer die son
al swaar in die weste begin
hang.

On the karoo-road under the
sun — and everything you see
become resonating vibrations
— overtones of the sun's
vast ghong ! — fractals
of the Light.

3.

Vir Sylvia Vollenhoven :
Jy seën ons nou
met die helderheid van sterre
deur jou genesing meegebring
— die deernis waar jy
die lewe mee antwoord gee —
When love is
forgiving and why ?
For giving becomes receiving —
then here is forever How —
unconditionally Now !

—

The Bushman — original
alchemist of Creation —
for we believe in cosmogenesis
— but know
the cosmos does not exist.

—

In the measured world
the rulers decree :
there are questions we

4.

are never permitted to ask
and assumptions
we may not interrogate.

—

Soos swerms verskrikte
vinke
in 'n troeteldierwinkel
klink dit op
voor die uitvoering in
'n vol Beethovenroom —
en later die aand
in die voorportaal van
Rhodes Theatre voor die
vertoning begin :
dis nie asof almal te veel
te sê het nie —
dis duidelik hulle het nooit
iewers die kuns geleer
van stil wees nie.

—

Toe ons naby die see kom
het ek drie keer genies !

5.

Soos die Indiese Oseaan
my kop begin was —
en die gedagte begin posvat
— dat ek die spirit of place
met die asem in my neus
navigeer!

—

En skielik is dit Port Elizabeth
— op die snelweg: Hierdie —
is ná die einde van die
wêreld — die oordeelsdag
het gekom en gegaan:
Hierdie — is al die vlakke
van vagevure
en ander helwêrelde —
hier is siele
besig om gemartel te word —
almal hier beliggaam
die voorvaders —
almal wat ooit geloof het

6.

IS NOU HIER!
en al die doemprofete
is daarmee heen —
hierdie Nou
is die Daar
waarteen hulle altyd
gewaarsku het.

—

Nou is daar alweer
'n klomp windmeulens op 'n
hoogte
waar ons vinnig op afstorm —
hulle maal glo elektrisiteit
uit die donderweer
se arsenaal.

—

Kinders is woelwaters —
wat jou herinner
om nie te stagneer nie.

7.

Outshoorn; How do you know
the Boredom has descended
on a place?
when you see advertising
signs and billboards
clustering like bloated
ticks on a mangy dog
wherever you may happen
to look.

—

Huisrivierpas:
Hoe dans die berge
hier teen sononder
skouer aan skouer
met die aand se
groot musiek!
Maar natuurlik —
om so 'n bergpas te maak
met teerpad en al —
bly maar 'n bittere
oneerbiedige gebaar.



8.

Die ondergaande son
is 'n betowerende ster
wat wegkruipertjie speel
al rondom die bergpieke
wat hier saamdrom!
'n betowerende moment
in die ewigheid van
die Skepping.

—

[En die Skepping
is ons enigste werkwoord;
en 'n selfstandige naamwoord
wat uitsluitlik werkwoord is.]

—

Langkloof:
Hier praat hulle
met die eina-stem
van mense wat lank
afgeknou is.

—

'n Mis-like dag: vanoggend
mis tot teenaan die ruite toe
ons wakkerword in Robertson.
Op reis na die kus kyk ons af
op valleie gevul met mis - tot
eindelik die oseaan met mis
omlyn op die horison.

Die mis van die sakrament en
missale - van misterie en van
mistiek.

Dan Bettiesbaai: Eendag kry
iemand die blink gedagte en in
'n ommesientjie is die land/seeskap
TE KOOP!

En so het ieder en elk,
kredietkaart in hand,
sy flentertjie kom opeis -
'n kolletjie kuswoud
om te vervang - elkeen -
met sy eie pretensie:
(en nou kry mens hierdie prentjie
(en skielik -
is jy weer terug in Gammadoekies!)



Bettiesbaai se bobbejaan
O die bobbejaan by Bettiesbaai:
Ons sit in die fordjie en betrag
die straattoneel voor ons
dis so 'n milde lentesondagmôre
(midde-in Julie?!) en al wat
leef is op straat -
die volgende oomblik - tussen
'n woonhuis en 'n Take-Away -
stap 'n bobbejaan doodluiters
uit en sekelstert omhoog
steek hy rustig die straat
oor en tussen die huise deur
op berg se kant toe.
Die merkwaardige is
dat dit oënskynlik net ons twee
is wat hom opmerk - in hierdie
besige straat het niemand
hoegenaamd ag geslaan op
wat afspeel nie.

—

Riebeeck-Kasteel:
Die ou kerkklok 3uur in die



oggend hoor aankondig - en
nog later die halfuur - daarna
vier slae en nog verderaan die
halfuur bevestiging.
En gewonder oor die paradoks van
die Skepping - 'n ander woord
vir OORVLOED - werkwoord en
selfstandige naamwoord - hierdie
Skepping - maar eintlik geeneen
van beide nie - Skepping is
nie 'n DOEN nie - eerder 'n
"nie-doen" - soos Lao Tzu dit
het: Die Tao doen niks en niks
bly ongedaan nie. En soos 'n
fontein - is die skepping ewiglik
besig om te begin - in 'n
dualistiese begrippe-wêreld is
hierdie misterie nie in woorde
af te kamp nie. Woorde is
miskien 'n soort woonhuis -
maar die Skepping is ons



werklike tuiste - omdat dit
al is wat outentiek WERK!

—

Die pad van Riebeeck-Wes na
Moorreesburg: monokultuur so
ver jou oë jou oor die landskap
dra - sprei dit uit soos 'n
eentonige brandsiek waar eens
die Boesmans loop en die Koi-koi
met hul skaap en beeste wei.

—

Op die pad na Piketberg - 'n
afdraai-paadjie na Misverstand!
(nog 'n woord met ... mis)

—

Die eweknie van die "wall-to
wall carpet" mode: horison
tot horison Agribusiness -
Vanoggend waar ons skaaprib
vir Freddie loop koop het;

13.

Skielik hierdie helikopter
wat die weiding – en als
wat leef en beef – met
gif uit die lug bespuit!

"Nevermore" – the POE-t
exclaimed –
And the Mist the Gorillas
vanished into – to be
seen no more.

Nog net die berge staan
nog hier op – op die
horison tot horison
fabrieksvloer — net die
berg wat nog rou en onthou
– almal wat hy liefgehad
het.

Geen witborskraaie langs
hierdie paaie nie, –
No Roadkills!

14.

Genoeg is nie meer genoeg
nie – oral word die landskap
omgeploeg – nuwe aanlegte
beplant – hier rond by
Citrusdal is dit sitrusbome.

—

Eintlik is die wil (soos in
"will") altyd 'n nadoodse
affêre — ewige lewe is
die terrein van onvoorwaar-
delike liefde.

—

So wentel ons met die
"thermals" van die langman
soos twee arende op en op
die Van Rhynspas uit.

Between Calvinia and

15.

Brandvlei – here it becomes
palpable: The Tao does
nothing, yet nothing is
left undone.

(Tao meaning Journey-directed
and not Goal-directed:
intent on an intangible
entity called The Way —
and to be goal-directed
means, of course, to utterly
miss the way.)

Granaatboskolk – dit pas
soos 'n handskoen hier in
die uitgestrekte Boesman-
land waar die son al
kleiner op die horison

16.

bly brand tot dit iewers
in die donker verlore raak –
net nog 'n sterretjie tussen
die woelwaters van die sterre:
en mens jou deel begin voel
van nog 'n Dwaalstorie wat
jy so net-net onthou / nie
onthou nie.

Hier rus die aarde moeiteloos
op die aarde — maar dáárdie
aarde, op sy beurt, rus
op die Niet.

Hier waar die son so sukkel
om onder te gaan – want die
aarde verseg om hom te laat
gaan – tot hy ten einde
raad plotseling verskiet –

hy het skielik onthou hy is 'n ster – en daar bly net so 'n bloedstreep oor op die horison om die geheim weg te gee – En die vlieswolkies daarbo is visse wat dans en spiraal in die hemelkoepel wat hulle so koester – visse uit die kolk (van Nagali?) En nou word die spiraal daarbo 'n blinkende koperlabirint in die wordende aandskemer.

—

Van Kenhardt tot Keimoes: die kokerbome, skurwe rante



en versamelvoëls se groot miedens in die kameeldoringbome.

Van Upington na Olifantshoek: rooi duine-aarde, goue gras en mistige blou rante in die afstand waar die uitgewaste blou lug begin.

Jy nooi daardie vertes deur jou oë binne tot in die verste verskiet waar jou hart luisterend luister verleen en waar jy dan heeltemal alleen kan wees want hier is ons almal en vir altyd ge-hoor-SAAM.

—

Hierdie nuwe koöperasie-skoene sit soos viertrek voertuie aan my voete – hulle is oraloor oor die pad en in



die pad en raak alles in die proses byster – dan is trappe skielik te smal, die tonnels deur my werkkamer en kombuis raak onbegaanbaar nou, mens bly stamp teen goed en trap op die hond se stert en strompel maar so in die algemeenheid voort.

Eintlik is dit nou besig om op hierdie punt van die reis duidelik te raak hoe moeg ek al is om oor en oor die refrein aan te hoor van "hoe ry die boere sit-sit so"

Gee my enige tyd dan die



sang van die sonbesie wat so behendig die stilte in die labirint van my binne-oor vasweis.

—

"Plant Inheems" beteken eintlik en in werklikheid: "laat die plante van jou omgewing uit die staanspoor met rus!"

Hulle lyftaal gee deurlopend 'n gedragskode aan jou deur wat, selfs onbewus, jou in voeling hou met die spiritus loci en jou in staat stel om in daardie omgewing te oorleef. Is jy, hetsy onbewustelik of willens en

wetens, ongehoorsaam aan
daardie kode – dan raak
jy gou uit pas met die
omgewing – met komiese
en tragiese gevolge.

—

To integrate your out-of-
kilter energies means not
to interfere with what
is taking place.
These out-of-kilter energies
manifest as any discomfort
you may experience.
This calls for attending
(playing attention)
UNCONDITIONALLY (the
Soul condition).



Net onvoorwaardelike
Liefde werk – want dis
die enigste werk-likheid.

—

The landscape is
a state of the soul –
and the soul is
a state of the landscape;
ask any Bushman
you know or may
happen to meet.

—

In the Western Cape one
noticed how the whole
landscape had been
sold off –
but, of course, world-wide
the people are forced and
bullied into selling their souls.

—



Integrate means:
Enter gratitude!
Interfere means:
Enter fear!

—

Freedom means:
You may choose!

—

Hierdie is dan die flardes
wat ek aan die doringdrade
agtergelaat het langs die
paaie wat ons die afgelope
tyd deurkruis het in ons reis
deur die subkontinent.
Stukkies vervel soos mens
deur die metamorfoses gaan
wat die lewensreis vergesel,
en die winde raap dit op
en laat dit weeragter



waar ookal die rolbosse
van die Boesmanlaan lê.
My hart is in 'n rolbos
wat sy dwaalstorie skryf
en vertolk
waar die winde en die
wondere
van die Boesmanlaan
saamkolk!

—

Cultural genocide is a huge
discomfort that makes
the total fabric of life
to suffer –
that is inevitable: even
for the perpetrators –
tormentors and tormented
are both in hell.

—

Nou met Vryburg op die

ver horison — voel ek
plotseling ek adem bekende
lug in. In dieselfde moment
gaan daar 'n lig op —
hierdie reis was vir my
'n asemhalingsgewaarwording
— ek het gewoond begin
raak aan die besef dat daar
in hierdie bestaan niks
Belangriker is as om bewus
asem te haal nie.
Dus ervaar ek elke nuanse
en faset van die spiritus
loci deur my neus en longe
soos mens vertak deur die
landskap se opvanggebied
tydens jou reis.
Dis waarom, klankgewys,
lig en lug so naby aan



mekaar lê — die lug wat
jy bewustelik inadem laat
vir jou 'n lig opgaan en dis
natuurlik wat open-baar
eintlik beteken:
onophoudelik gebore word!

Die verhaal, in gebaretaal
oorvertel — van iemand wat
skaduwees begin versamel
het. Hoog in sy skik, want
niemand het voorheen op
hierdie blink ingewing
afgekom nie. En skaduwees
is so volop — dis net vir
oprol en in 'n groot saksteek.
Dan dra hy die sak op sy rug
tot by 'n plek waar hy vir
hom 'n skuiling bou wat
hy met die skaduwees



beklee. Hy besef algaande
die ingewing se potensiaal —
as mens die skaduwees in 'n
kommoditeit omskep — en
met die regte soort bemarking!
Lag jy heelpad bank toe.

Kyk - as iemand dit met tyd
kon doen - lineêre chrono -
metriese tyd wat nêrens eers
bestaan nie, niemand eers
kan sien nie, maar met bietjie
aanmoediging aan die bas kan
voel — en siedaar — tyd
is geld — en dis eindeloos
ontginbaar tussen Big Bang
en Black Hole.
En dink maar aan iets so
volop en waardeloos soos
diamante — skep 'n mark,
kweek 'n behoefte in die
velde van begeerte — laat



die advertensiemaatskappye
dit natlei en die demos dit
betaal — en siedaar!
Selfs mense se aandag word
gekommodifieer en belas ("pay
attention") — sodat jy meer
en meer mense teëkom met
nog net 'n kort aandagspan
oor — die res is op die
markplein verkwis.
Ongetwyfeld sal daar 'n nis
in die mark bestaan vir iets
soos skaduwees, en waar
'n vindingryke persoon maar
aan kan dink (met aard-
verwarming saam kan daar
nog 'n aardige behoefte
aan skaduwee ontstaan).
Dan is daar nog duimafdrukke
voetspore ens. almal met
meer substansie as byvoor
beeld 'n lyn met 'n lineaal

getrek — en wie kan betwyfel watter empaaier die lineaal daargestel het:
The Will of the Ruler!
(and considering that Will refers to an after-death contract — this is all you require to know what Empires are all about.)

En so laat jy die mensdom in vrede agter: om verder hulle slangetjies en leertjies te speel.
Op prille ouderdom — wanneer jy die koninkryk van die kind moet verlaat — ontvang jy die Trap-der-Jeugd om jou in die Slangetjies-en-leertjies-spel te inisieer.
Dis dan hoe mens die Koninkryk kwytraak — met 'n Trapleer klim jy daaruit — leer jy sommer op ander



trap in die proses — die ewige Verwaandheid binne.
En wie jy nie op trap nie — jy sal wel leer, dmv. die slangetjies, hoe om hulle te "sluk".

—

Sikliese tyd: soos In-en Uitasem; Nag-en-Dag, die fases van die maan; in en uitasem van die see segetye; opeenvolging van die seisoene; die idee van tyd wat nooit verstryk nie — onvoorwaardelik nie van stryk gebring kan word nie — tyd as ritme en bevestiging van die ewige hier en nou — 'n verinniging en intimiteit wat sonder perke groei — Voorsienigheid!



In ewewig kom
met die ewigheid.

—

From this vantage-point the place called Zeerust resembles an oversized mechanized contraption — a kind of "machine for Living in" a la Corbusier, but more accurately one of Jean Tinguely's "self-destruct" machines.
Meanwhile this relentless voracious embodiment of appetite in the abstract keeps busy devouring its slaves — sustainably, slowly, digesting — grinding away at all life — digestive juices flowing.

—

Few things under Heaven
are as instructive as the
lessons of Silence.

Lao Tzu

6.

The Spirit of the Valley
does not die
They call it the mystic
female
Her doorway is called
the root of earth
and heaven
Lingering like gossamer
it has only a hint
of existence
And yet when you draw
upon it
It proves to be
inexhaustible.

Tao te Ching